24 Julie 2020

NG Gemeente Stellastraat

B L I T S N U U S

Die dag se 'beste belegging'

Die beste belegging wat jy elke dag kan maak. Dit is wat Tannie Essie altyd gesê het. Die koerant. Wanneer jy die koerant in jou hande vashou, dink jy nie aan hoe groot gister se netwerk was om dit wat jy in jou hande het, as 'n voltooide produk aan jou te gee nie. 'n Magdom van inligting van oor die hele wêreld bymekaar gemaak. Bedink, gesif en in jou eie taal verpak. Kundige mense moes die essensie uitsoek en namens my en jou dit in nuusvorm verpak. Die inhoud moes visueel voorberei word. Taalkundiges moes die standaard en die trefkrag op koers hou. Tegnici en bemarkers moes die produk versprei. En ek en jy kan rustig blaai en lees. Neersit, en weer lees.

'n Wêreld sonder koerante is 'n arm wêreld. Veral vir ons vir wie koerantlees kultuur is. My skoonpa was die sirkulasiebestuurder van *Die Volksblad*. Voor TV en internet. Toe koerante, veral Afrikaanse koerante, hulle piek beleef het. 'n Mens mag maar soms ween oor 'n wonderlike era wat verby is. - *Anton Pienaar*

Sondag 26 Julie se geleenthede

Sondag se **Oordenking** is deur James voorberei. *"Christen-wees in 'n wegholwêreld"* is die tema en die teks kom uit Psalm 51; 58 en 121. Hier is die skakel wat jy kan gebruik om daarna te kyk - **https://youtu.be/IpYKNuUWkig**

Die verhaal van Lot-hulle wat vinnig uit Sodom moes vlug, is eintlik nie kleuter-vriendelik nie. Lot se vrou wat omgekyk het en in soutpilaar verander het, is 'n mooi storie om te vertel maar vir kleuters is dit bietjie wreed. Daar is wel iets waarmee die kleuters kan identifiseer – die prentjie van God wat as 'n mens aan Abram verskyn. Dit is so 'n menslike beskrywing dat Abram selfs bereid is om met God te onderhandel oor die spaar van Sodom en Gomorra. Die **Kleuterkerkvideo** wil ouers help om met hulle kleuters oor hierdie mooi beeld van God te gesels (vgl Gen 18:1 en 22). Kliek gerus op hierdie skakel vir die video - **https://youtu.be/6_Gy8saQ9dE**

Die **Tuis-Adoramus** van Sondag is deur Willem voorberei, die teks is uit Romeine 8:18-39 en die tema is *"Veredeling"*. Hier is die skakel as jy daaraan wil deelneem - **http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-26-Julie.pdf**

Onthou dat jy Sondagaand 18:00 kan inskakel by die **Soekligaand**. Kontak gerus vir James as jy 'n nuwe deelnemer is, anders is die volgende jou skakel: **https://us02web.zoom.us/j/84933935932** *Meeting ID: 849 3393 5932*. Ons gaan voort met die tema: *Wat dra my deur 'n krisis?*

Huisgeloof en Jeuggroepe

Huisgeloofvraag
In die week se huisgeloofvraag -
Gesels as gesin oor:

- "As julle as gesin skielik uit die huis moet vlug, wat is die noodsaaklikste goed wat jy sal saamvat?"

Jeuggroepe
Die **junior jeuggroepe** (Kleuterkerk en laerskool jongmense) is nog steeds met die reeks oor die ontstaan-geskiedenis van Israel besig. Hierdie week bespreek hulle die moeilike verhaal van Lot en sy gesin wat uit Sodom moet vlug. Die tema is ***"Gevaarlik! Wees versigtig"*** (Gen 18:16-19:30). Die **senior jeuggroepe** (hoërskool jongmense) gaan verder met die reeks ***"Lewe waardevol"*** wat handel oor wat is die verskil wat waardes aan my lewe maak. Hierdie Sondag gaan dit oor ***"Lewe met selfbeheersing"*** (2 Tim 1:7).

Vir die juniors stuur die jeuggroepleiers die Gespreksblad sodat die gesin 'n sinvolle gesprek kan voer. Die Kleuterkerk video en Huisgeloofvraag handel ook oor die tema ***"Wees versigtig!"***. Die seniors gesels met mekaar in Zoom-gesprekke. Moedig asseblief die jongmense aan om by die gesprekke in te skakel. As jy meer wil weet, kontak asseblief vir Tienie (083 627 5086).

Uitreik

Blikkieskos
Daar is nogal heelwat mense wat kom aanklop vir kos by die Kerkkantoor. As jy 'n paar reserweblikkies in jou koskas het, wil jy dit nie asseblief by die Kerkkantoor kom aflaai nie?

Meegevoel & Ongesteld

Ons meegevoel gaan aan **Ona Ackerman** van Queens Crescent wie se moeder oorlede is, asook **Dawie Engelbrecht** van Andersonstraat wie se moeder ook oorlede is.

Miemie Jordaan van 13e straat is in die die hospitaal opgeneem nadat sy positief getoets is vir die coronavirus. **Adele van Tonder** en haar vier kinders het ook positief getoets en is in hulle huis in kwarantyn. **Alphonso Groenewald** se ouers is positief getoets. **Neels Campher** gaan in vir 'n mediese prosedure. **Renske Biddulph** is opgeneem in die hospitaal.

Orrelkonsert uit Hervormde Kerk Bronkhorstspruit

Jy kan inskakel en heerlik na dertig minute se orrelmusiek van Maricus le Grange en Rolf Rencken luister!

Hierdie week besoek hulle die Hervormde Kerk Bronkhorstspruit. Gaan kyk gerus en sluit aan by hulle kanaal. Konserte is beskikbaar op Sondae van 08:00 af. Dankie vir almal se ondersteuning! Volg net dié skakel - **https://www.youtube.com/channel/UC1YpLKCtcZUOgrGu0iQfedg**

Verjaarsdae 26 Julie - 1 Augustus

Ons wens graag die volgende lidmate geluk met hul verjaarsdae!

Sondag 26 Julie:
Lisa Basson, Marné Bloem, Koos Brandt, Marius Greyvenstein, Herna Hall, George Lord.

Maandag 27 Julie:
Frikkie Brand, Gabrielle Heyns, Mika Heyns, Aiden Smith, Hendrik van Huyssteen, Mia van Niekerk, Carel van Staden.

Dinsdag 28 Julie:
Sanette du Preez, Sarie Gloy, Magda Kirchner, Jaco Marais, Johan Potgieter, Lerine van Aswegen.

Woensdag 29 Julie:
Thea le Roux, David Lötter, Jacque Swart, Riley Wilken.

Donderdag 30 Julie:
Susan Barnard, Eden Berelowitz, Elaine Bosman, Jaco du Toit, Retha Groenewald, Elandie Immelman, Roan Loubser, Elize Mulder, Nico Stander, Swanie Swanepoel, Markus van Aardt, Jean-Marie van den Berg, Jaco van den Heever.

Vrydag 31 Julie:
Stephan Blomerus, Elise de Villiers, Riëtte Fischer, Jeanne Goosen, Stef Jacobs, Ezeth Labuschagne, Sally le Roux, Emmeren Lyons, Zané Oosthuizen, Gerhard Roeloffze, Chadé Uys.

Saterdag 1 Augustus:
Alta Barnard, Ina Bosman, Jealise Diedericks, Liehan du Toit, Shaun Hatting, Victor Hechter, Stroebel Hofmeyr, Hennie Janse van Rensburg, Amber Landskron, Dennis Lombard, Lucinda Lourens, Kemp Oberholzer, Nicolaas Venter.

NG Gemeente Stellastraat

Stellastraat 158
Waterkloof
0181

Tel: 012 460 8570
Faks: 086 480 7844
Epos: info@stellastraat.co.za

Bankbesonderhede:
Bank - ABSA
Tjekrekeningnommer
540 580 022
Takkode - 632 005

www.stellastraat.co.za